higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOMMUNIKASIE N6
(Eerste Vraestel)

(5140286)

**15 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**TWEE woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 1 addendum.**

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

**AGTERGROND**

| |
|---|
| Jy het pas 'n nuwe winkel, *Vars vanni Plaas*, in Langebaan oopgemaak. Die winkel is 'n gesondheidswinkel wat slegs vars, organiese en gesondheidsprodukte verkoop. |

**VRAAG 1: PERSVERKLARING**

Jy besluit om 'n persverklaring in die plaaslike koerant, *Weslander*, te plaas om die gemeenskap in te lig oor jou nuwe winkel, *Vars vani Plaas*, wat reeds sedert 1 Maart handel dryf. Jou doelwit is om die gemeenskap aan te moedig om gesonder en langer te leef deur vrugte, groente, neute en kruie van hoë gehalte aan hulle te voorsien. Hierdie produkte is met geen toksiese middels behandel of chemies gemanipuleer nie.

Die winkel verkoop ook die volgende produkte: verskeie glutenvrye, suiwelvrye en suikervrye produkte, minerale aanvullings, natuurlike vel- en babasorgprodukte en vele meer.

Daar is tans 'n kompetisie aan die gang waar vyf gelukkige kopers 'n kans staan om koopbewyse ter waarde van R1 500 elk te wen. Om deel te neem moet R200 of meer by die winkel spandeer word. Die kompetisie duur tot einde Mei en wenners sal op 10 Junie bekendgemaak word.

Die winkel is geleë in Breëstraat naby die Langebaan-biblioteek. Indien lesers enige navrae het, kan hulle jou op jou selfoonnommer skakel.

Gebruik die ADDENDUM (aangeheg) en skryf hierdie persverklaring wat op 4 April vrygestel moet word.

| INHOUD: 14 | UITLEG: 2 | TAAL: 4 |
|---|---|---|

**[20]**

**VRAAG 2: ANTWOORD OP NAVRAAGBRIEF**

Op 10 April ontvang jy 'n brief van me. Elsabé Nel. Sy wil graag weet of die winkel ook 'n Facebookblad het en of dit moontlik is om internetbestellings te plaas aangesien sy in Laingsburg woon. Sy wil ook weet of sy deur hierdie bestellings kan deelneem aan die kompetisie.

Skryf die antwoord op haar navraag en lig haar in oor die nuwe Facebook-blad, naamlik *Vars vani Plaas Gesondheidswinkel*. Kliënte kan bestellings op die blad plaas, maar bestellings sal eers versend word ná bewys van betaling ontvang is. 'n Addisionele bedrag van R125,00 per bestelling is betaalbaar om koerierkoste te dek.

Ongelukkig sal kliënte wat op hierdie wyse aankope doen nie kan deelneem aan die kompetisie nie, aangesien jy graag plaaslike inwoners wil lok om plaaslike aankope te verhoog.

| INHOUD: 9 | UITLEG: 6 | TAAL: 5 |
|---|---|---|

**[20]**

## VRAAG 3: SIERADVERTENSIE

Besigheid by die winkel neem toe en jy besluit om ekstra hulp te kry. Jy besluit om 'n advertensie vir 'n assistent in die *Weslander* te plaas.

Jong persone tussen 18 en 30 met matriek wat hardwerkend en eerlik is, goeie kommunikasievaardighede het en vlot in Afrikaans en Engels is, kan aansoek doen. Indien die persoon vaardig in 'n Afrikataal is, sal dit tot sy of haar voordeel strek.

Verantwoordelikhede sluit in: vriendelike ontvangs van kliënte in die winkel, neem van telefoonoproepe, hantering van inkomende Facebook-boodskappe en -bestellings, toepassing van voorraadbeheer en om voorraad op rakke netjies te hou.

Die persoon moet in die area woonagtig wees en bereid wees om van 07:00 tot 19:00 in die week te werk. Die uurlikse tarief is R31. Die pos is onmiddellik beskikbaar. Studente is welkom.

'n Verkorte CV kan per e-pos gestuur word. Die sluitingsdatum is 20 Mei.

Stel hierdie advertensie op volgens die ABBA-beginsel.

| INHOUD: 11 | UITLEG: 2 | TAAL: 2 |
|---|---|---|

**[15]**

## VRAAG 4: VERKOOPSBRIEF

Jy bestel twintig *PhoneSoaps* – 'n Amerikaanse selfoontoestel wat nie net die batterye van die foon laai nie, maar ook alle kieme op die foon binne enkele minute vernietig. Navorsers het bevind dat selfone tot 18 keer meer bakterieë en kieme bevat as 'n publieke badkamer. Dit is verder bevind dat selfone 30% bydra tot velsiektes en mondsere.

Jy besluit om 'n verkoopsbrief aan al jou gereelde kliënte, wat gemiddeld R500 of meer spandeer, te stuur. Dié toestel kos R850 en die eerste vyf persone wat die toestel koop sal 10% afslag kry.

| INHOUD: 9 | UITLEG: 6 | TAAL: 5 |
|---|---|---|

**[20]**

**VRAAG 5: ONDERSOEKVERSLAG**

Drie vroue het jou in die afgelope twee weke genader in verband met organiese babakos. Tans verkoop jy nie hierdie soort produkte in jou winkel nie. Op 11 Julie vra jy jou winkelassistent, Fatin Razif, om ondersoek in te stel. Die doel van die ondersoek is om vas te stel of dit wel volhoubaar vir die winkel sal wees om hierdie produkte in voorraad te hou. Die verslag moet teen 18 Julie afgehandel wees.

Gebruik die volgende opskrifte:

Naam van die winkel
Verslag oor
1. Opdrag en doel
2. Ondersoekmetodes (twee)
3. Bevindinge
4. Gevolgtrekking
5. Aanbevelings (twee)

Opgestel deur

| INHOUD: 17 | UITLEG: 4 | TAAL: 4 |
|---|---|---|

**[25]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

(5140286)

**ADDENDUM**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 1: PERSVERKLARING**

***VARS VANNI PLAAS***

**Tel: 022 254 3221**
**Faks: 022 254 3432**

**Breëstraat 13**
**Langebaan**
**7357**

**NAVRAE:** ______________________________________________________

**PERSVERKLARING** **Vrystellingsdatum:** _________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**[20]**

Kopiereg voorbehou